**15 Mei** **Skrifgedeelte: Handelinge 7:1-16**
**Fokusgedeelte: Handelinge 7:2a**

**Die lewende God werk leweskeppend – enduit (1)**

Wat nou gemaak as dit *lyk* asof die gang en die voortgang van die kerk, van jou Christelike lewenstyl en die Christendom in 'n doodloopstraat beland? Dit is beslis nie 'n *vreemde* gedagte in ons tyd nie (Christenwees is nie meer die "in-ding" nie), dog wel 'n *wan*gedagte! Maar wat maak ons? Wal gooi, verduidelik, ons (en ons standpunte) probeer verdedig, dalk tou opgooi? Kyk wat doen Stefanus hier! Hy staan hier as 'n aangeklaagde voor die Joodse Raad – asof hy kwansuis lasterlike dinge teen die tempel en die wet van Moses sou gesê het! Anders as ons wat dikwels die *rug* op die verlede draai en vorentoe beur wanneer ons ons vasloop, draai hy sy *gesig* na die verlede en stap vasberade die toekoms as 't ware agteruit in! Hy kyk terug en *getuig van God* (juis dit wat in die boeke van Moses opgeteken staan)! Wat 'n getuienis is dit nie!? "God, aan wie al die eer toekom ..."

Dit is die God wie se almag en heerlikheid tot in die veraf heidenland van die Galdeërs strek en wat 'n nuwe begin met sy volk maak toe Hy Abraham roep, sy verbond met hom sluit en sy trou bevestig met die besnydenis! Dit is die God wie se almag en heerlikheid strek tot in Egipte waar Hy 'n nuwe lewe en toekoms skep vir sy volk – selfs deur die sonde van Josef se broers heen!

Dít is wat ons moet doen – getuig van God wat getrou en lewewekkend met ons op pad is dwarsdeur die "grafte" van menslike onmag en sonde heen.

*Sing: Psalm 33:2 (Totius-beryming)* *Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)*